Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 13/03 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Skoolsluiting</u>:**
   Die skool sluit Vrydag, 20 Maart, om 10:00.

2. **<u>Grondslagfase-ouerdag</u>:**
   Alle grondslagfase ouers word uitgenooi na kwartaal 1 se ouerdag om u kind se vordering te bespreek. Die onderwysers sal op die volgende dae beskikbaar wees:

   <u>Graad 1</u>: Juf Lizbé: 082 322 0708
   Dinsdag, 17 Maart : 13:00-14:00
   Woensdag, 18 Maart : 13:00-18:00

   <u>Graad 2</u>: Juf Marisa: 084 701 9517
   Woensdag, 18 Maart : 13:00-18:00

   <u>Graad 3</u>: Juf Tania: 082 720 7273
   Woensdag, 18 Maart : 13:00-18:00

   Afsprake is 10 minute lank en ouers kan self by die betrokke onderwyser 'n afspraak via whatsapp of sms maak.

3. **<u>Despatch Kunsfees</u>:**
   Enige leerder wat belangstel om deel te neem moet asseblief 'n inskrywingsvorm by juf. Janine kom haal. Leerders kan inskryf vir die volgende afdelings:
   - <u>Voordrag</u>: (gedigte, prosa, monoloog, toneel, dialoog, improvisasie, spreekkoor, mimiek, dansdrama)

     Inskrywingsgeld: R25 per leerder.
     Sluitingsdatum: 16 Maart 2020

   - <u>Kuns en fotografie</u>: (teken, skilder, vrye sketse)
     Inskrywingsgeld: R25 per leerder.
     Sluitingsdatum: 10 April 2020

4. **<u>Ekstra Visule Kuns en Wiskundeklas</u>:**
   Daar sal volgende week geen ekstra klasse wees nie.

INTERNET GENERATION
iGen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

5. **WEN ‘n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**
   Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **15 Mei 2020**.

   - ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
   - ✓ Leerders wat ‘n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
   - ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

6. **Karoo 2 Coast – fietswedren: 20 September 2020:**
   Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R800 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

7. **Grannor Passi-projek:**
   Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is ‘n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u ‘n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende ‘n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan kan verseker.

8. **Sportnuus**:
   - Uitslae van Wittedrift Sportdag:
     Netbal:

0/14	3 gewen, 1 verloor
0/15	2 gewen, 2 verloor
0/16	4 gespeel, 2 gewen
0/19	3 gewen, 1 verloor

     Rugby:

1ste span	Verloor 31-17 teen HS Wittedrift

   - Toerspan:
     Op 14 Maart speel die 0/13-rugbyspan om 10:00 teen Laerskool Douglas, ‘n toerspan van die Noord-Kaap. Almal is welkom om die span te kom ondersteun. Die wedstryd begin om 10:00 by die George McLachlan sportgrond.

Bustye:	Misgund:	08:30
	Louterwater:	08:40
	Krakeel:	08:50

     Op 18 Maart speel die 0/13-netbalspan teen Laerskool Douglas. Tyd sal bevestig word.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Netbal:
    - Maandag, 16 Maart vind die OP proewe te Paul Sauer plaas vir 0/12- en 0/13-spelers. Sterkte aan julle. Die bussie vertrek om 13:15 vanaf die skool.

    - Woensdag, 18 Maart vind die OP proewe te Paul Sauer plaas vir 0/14- tot 0/18-spelers.

- Sportoefening:
  Daar is Dinsdag en Donderdag rugby- en netbaloefening vir alle spanne. Geen verskoning sal aanvaar word nie, aangesien die toetsreeks alreeds verby is.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

INTERNET GENERATION
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit